Algemene Briefie
12 Maart 2012

Laerskool die Krans
en
Kransjakkers
Waar ons selfvertroue met liefde kweek

- **Liewe Pappas,** baie, baie dankie vir al die werk wat Saterdag gedoen is. Ons Juffies is almal so opgewonde oor elke stukkie onderhoud wat gedoen is. Ons waardeer julle so baie.
- **'n Groot DANKIE:** Pappa **Mynhardt**, baie baie dankie vir die skenk van 13 waterverkoelers, een vir elke klas. Ons voel besonder bederf en het nie woorde om ons dankbaarheid uit te spreek nie. Dit maak 'n reuse verskil.
- **Pappa en Kind Kamp (Laerskool):** Ons sien uit na 'n heerlike avontuur saam met ons Pappas en hulle kinders eerskomende naweek. Maak julle gereed vir 'n opwindende ervaring. Bring julle entoesiasme, kreatiwiteit en goeie sportmangees saam. So leer ons ons kinders van die vreugdes van die lewe, saam met vriende, sonder dat die materiële 'n rol hoef te speel. Voor more moet alle inskrywings en kampgelde asseblief inbetaal wees.

Herfsbraai 20 April

- Hier kom die ***groot kuier***!!! Hierdie keer kon ons dit regkry om dit vroeër in die jaar te reël. Ons glo dit sal nie so koud wees nie en dat ons oupas en oumas ook meer gemaklik sal voel om dit by te woon. Moenie dit mis nie, dit is regtig een van die hoogtepunte van ons skool se sosiale program.
- **Kaartjies**: Die kaartjies word hierdie week uitgedeel. Elke gesin sal 6 kaartjies kry om te verkwansel. Ons sal dit **soooo** waardeer as julle baie moeite sal doen om dit verkoop te kry. Hierdie is vir ons 'n baie belangrike fondsinsameling. Kaartjies kos R100 en vir kinders onder 12, R20. Dit SAL 'n heerlike kuier-om-die-vuur geleentheid wees.

- **Net 'n regstelling na verlede week se brief**: Die Mimmos en Greenfields, skole projek is nie meer aktief nie.
- **Ontgroeide speelgoed**: Liewe Mamma, as daar by jou huis enige ontgroeide speelgoed of boeke is, ons kan regtig daarmee doen en sal dit so waardeer as dit hier benut kan word intstede daarvan dat dit in 'n kas weggepak bly.
- **Somersokkie**: Marista Botha reël 'n "super-somer-sokkie" in Oktober vir ons ouers wat lus het vir 'n aand op die dansvloer saam met goeie vriende. **Enige mamma** wat belangstel, lus voel of bereid is om haar met die reëlings te help. Laat weet asseblief vir Elna in die kantoor.
- **Mamma-dag evaluasie:** Mamma, met die oog op volgende jaar se beplanning, vul asseblief die evalueringsbriefie in en handig dit by die kantoor in. Baie dankie vir die moeite.

Mamma, hoe het jy die volgende beleef:
Tydsindeling:_____
Die program: _____
Die datum(dag): _____
Enige opmerking of raad: _____
_____

My kind is in die _____ klas.